Johannes Erasmus Smit: Vorderingsverslag 94 - Augustus 2019

"Success is the sum of small efforts, repeated day in and out." R Collier

Bogenoemde aanhaling is waarmee Johannes hom hierdie maand besig gehou het. Hy geniet die pottebakkersklasse en die skeppende element is baie goed vir hom. Hy en Aletta gesels 'n hond uit 'n bos terwyl hulle allerhande oulike goed maak.

Johan du Plessis kry dit amper reg om Johannes se linkerhand ook op die handvatsel van die fiets neer te sit. Een van die dae, met herhaling, sal Johannes dit kan doen. Philip kom getrou elke week en doen eers Body Stress Release en daarna 'n paar strekoefeninge – sommer so op die oefenbed. Herhaling en herhaling.
Dis so lekker om elke Woensdagmiddag Stellenbosch toe te ry en daar 2 uur saam met Teal, Ashleigh en John te spandeer. (Teal, Duck en Goose soos Johannes hulle noem) Een Woensdagmiddag, toe die son warm geskyn het, het hulle speletjies buite op die rugbyveld gespeel. 'n Ou met 'n tuig kom aangesweef van die berg se kant af en land net agter hulle waar hulle speel. Op die ou end gesels hy sommer saam en groet Johannes vriendelik toe hy loop.

Buurvrou Riana kom stiptelik elke Dinsdagmiddag om Johannes se naels te versorg terwyl hy rustige klassieke musiek luister. Daarna luister hulle na oulike goed op YouTube en kraai hulle van die lag oor snaakse geluide of liedjies. Johannes sing ook lustig saam en ken bykans elke liedjie se woorde. So sien Johannes elke week uit na elke versorger se koms en elkeen dra by tot die sukses van sy gesondwordproses.
Ons het hierdie maand minder perd gery weens gure omstandighede, maar Theresa van Taberna wat elke jaar nog Johannes se skoolboeke gratis aan hom voorsien, het vir ons tuis kom kuier. Dit was aangenaam om haar in lewende lywe te ontmoet en saam tee te drink. Sy het vir Johannes oulike grappige raaiselboekies, geskryf deur Jaco Jacobs en ook 'n nuwe graad 12-kortverhaalbundel saamgebring. Baie dankie daarvoor.
Johannes se neef, Hugo wat by die Universiteit van Bloemfontein studeer, het een nag by ons oorgeslaap. Hy speel die tromboon in die Vrystaatse Jeug Blaasorkes. Hulle was deel van 'n uitvoering in die Stadsaal op Stellenbosch aangebied deur Paul Roos Gimnasium. Amanda Strydom was die trekpleister en het saam met verskeie kore en orkeste gesing.

<u>Oulike sêgoed deur Johannes uitgedink</u>:

- Kan 'n mens gedurende waterbeperkings spyt (spuit) wees?
- Kan jy 'n kind onder 18 op 'n draagbaar (Engels: bar) dra?
- Wanneer ek gaan stryk, roep Johannes: "Strykte."
- Een Saterdag ry ons 'n draaitjie en ek lees hardop: ""Johannes hierdie teater se naam is Skilpad Teater." Hy bly so 'n rukkie stil en sê: "Dis seker stadige dokters wat daar werk!"
- Kan 'n muil (myl) 'n kilometer loop?
- Wat noem 'n mens **een** gilo<u>tine</u>? (uitgespreek: tien)
- Hy vra ek moet een mynwerker se van noem? Ek dink en dink…dis natuurlik Labuschagne. (Labu**SKAG**nie)

<u>Gebedsversoeke</u>:

- Dat Johannes positief en gesond en gemotiveerd sal bly
- Krag, genade, geduld, goedheid en guns vir elke versorger, besoeker, helper en terapeut wat met Johannes is aanraking kom
- Dankie vir 'n geseënde Winter

"Vision is the art of seeing the invisible" J Swift

Ek seën elke leser met die volgende: **<u>Eksodus 23:20</u>: "Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm en jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reggemaak het."**

Tot volgende maand. Anelé

Foto's Vorderingsverslag 94

Die studente met sweeftuig in die agtergrond

Oefen na die Body Stress Release

Johan help vir "Lefty" tot op die handvatsel

Johannes en Riana in ligte luim

Pottery saam met Aletta

Theresa, die boeke-tannie